met kantore in Bloemfontein, Johannesburg en Kaapstad. Hy sal by die firma in beheer van algemene hooggeregshofwerk wees. Sy spitsvondigheid sal gemis word.

Xolani Mabusela, oorspronklik van Transkei, het in 2002 die groot stap geneem om by die Vrystaatse Balie aan te sluit as pupil. Nadat hy sy pupilskap suksesvol voltooi het, het hy in 2002 kamers geneem. Dit was gou duidelik dat hy 'n sonderlinge mens is wat vir geen uitdaging terugstaan nie. Hy was binne drie jaar Afrikaans magtig. Hy was vir 'n jaar lid van die Balieraad en het as sameroeper gedien van die regshulp- en pro deo-komitees van die raad. In Mei 2006 het Xolani teruggekeer na die Oos-Kaap, waar hy voortaan in diens van die Regshulpraad sal praktiseer in Grahamstad. Ons glo dit sal met hom 'klopdisselboom' gaan – om sy gunsteling Afrikaanse woord te gebruik.

Hlalele Molotsi het in 2000 sy pupilskap suksesvol aan die Vrystaatse Balie voltooi waarna hy as kommissaris van die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie gedien het. Uiteraard het hy goeie ervaring in die spesifieke veld opgedoen, en hy is in April 2006 terug verwelkom in Baliegeledere. Sy hernude lidmaatskap is 'n groot aanwins vir die Balie.

As daar in die geskiedenis van die Vrystaatse regspleging al sprake was van pioniers, behoort mev Anna Botha, griffier van die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof, een van hulle te wees. Op 25 Mei 2006 is daar tydens 'n geselligheid afskeid geneem van mev Botha.

Mev Anna Botha ontvang 'n geskenk van Corrie Ploos van Amstel SC, namens die Vrystaatse Balie, tydens haar afskeidsfunksie as griffier van die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof op 25 Mei 2006.

Onder haar leiding, het almal geweet, verloop die administrasie altyd seepglad.

Mev Botha se loopbaan het oor 36 jaar gestrek vanaf 1970 toe sy by die Departement Justisie, eers in Smithsfield en daarna in Petrusburg, in die landdroshowe begin werk het. In 1981 is sy verplaas na die Hoogste Hof van Appél in Bloemfontein, waarna sy in 1989 bevorder is tot assistent-griffier van die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof. Sy was in 1997 die eerste vroulike senior-griffier in Suid-Afrika, en het die taak met onderskeiding verrig.

Dit was nie net in die hofgange waar sy haar formidabele merk gemaak het nie. Sy het ook op die sportveld as tennisspeelster uitgeblink op haar dag. Ons wuif haar vaarwel toe en gun haar 'n gesonde en opwindende aftrede saam met haar gesin. 🕮

Noord-Kaap

Bygedra deur Japie Schreuder

Ligging van advokatekamers

Die kamers van die Noord-Kaapse Vereniging van Advokate is te Chapwood Chambers, Chapelstraat 15, Kimberley, geleë. Dit is bykans op die hoek van Du Toitspanweg se kruising met Chapelstraat. Die bekende Africana Biblioteek is in dieselfde geboue-kompleks, terwyl die McGregor Museum net oorkant die straat is.

Pupille

Daar was die afgelope tyd geen pupille by die Noord-Kaapse Balie nie. Die feit dat bykans geen praktisyn meer regshulpwerk doen nie, ontneem voornemende pupille die geleentheid om by die Balie te begin.

Lede

Van Niekerk SC het gedurende die tweede kwartaal as regter waargeneem.

Sosiaal

Die Balievereniging se jaarlikse Baliejag het gedurende Mei vanjaar in die Karoo plaasgevind. Heelwat springbokke is geskiet. Almal wat dit meegemaak het, het dit terdeë geniet. Die gereelde potte het gesorg dat diegene wat honger was, genoeg kon eet en die groot vure het die koue verdryf. Daar was slegs een gevolgtrekking na afloop van die jag: dat hierdie jaarlikse instelling moet voortduur so lank as moontlik. 🕮

Bhisho

Contributed by Chuma Cossie

Membership

There are 19 members at the Bhisho Bar, six being associate members and the remainder being full members. Those of our members who hold chambers are housed mainly in East London with only two members holding chambers in Bhisho.

We have two silks – Viwe Notshe, who is a full member, and Selby Mbenenge, who is an associate member from the Umtata Bar. Sally Collett has renewed her membership with effect from 1 May 2006.

Pupils

We accepted five pupils this year of whom three have either lost interest or discontinued their pupillage for personal reasons. The remaining pupils are Lunga Ngogela and John Korkie who both graduated from the University of Fort Hare.

Charles Wood continues as pupillage co-ordinator, a position he has held since last year.

Professional highlights

Viwe Notshe SC took silk in July 2005. Zoleka Conjwa was contracted to the Commission into Eastern Cape Finances chaired by Pillay J, and which has recently had its lifespan extended. Xola Nyangiwe has been acting on the Bhisho Bench since the beginning of the second term.

Bar Council members

At the annual general meeting held on 11 May 2006 the following members were elected to the Bar Council: Xola Nyangiwe, Mzwandile Ntsaluba, Charles Wood and Chuma Cossie. 🕮